View this email in your browser
http://us8.campaign-archive2.com/?u=3fd74c871b047462f1a789ed4&id=cd36246fe1&e=d15feef87e

**Besoek gerus die PNS webblad:** www.proteinresearch.net

CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

*CF 74*
*Maart 2017*

# KLETODIM (SIKLOHEKSAANDIOON) SKADE BY CANOLA

**Lombard P, Strauss J en Cummings C**

Daar is goeie bewyse dat canola 'n uitstekende wisselbou gewas in die Wes-Kaap is. Dit het nie net die voordeel van goeie opbrengste die laaste paar seisoene gebied nie, maar dit bied ook die geleentheid om onkruid met chemiese middels uit verskillende groepe te beheer. Daar is verskeie onkruiddoderopsies wat tot raaigrasbeheer kan bydra. Kletodim (sikloheksaandioon) word ook algemeen gebruik onder verskillende handelsname vir grasbeheer in canola en veral op konvensionele kultivars.

Die afgelope 2016 seisoen het Kletodimskade op verskeie lande voorgekom. Dit het gewissel van ligte tot ernstige skade. Dit was nie net beperk tot sekere plase nie en het in die Swartland en Suid-Kaap voorgekom. Die rede vir die skade is opgesluit in die droë Meimaand in 2016. Dit is belangrik om canola se ontwikkeling te verstaan. Canolasaailinge stop nie met ontwikkeling tydens droogteperiodes soos in 2016 voorgekom het nie.



**Figuur 1: Saailinge ervaar droogtestres, 5 weke na aanplanting met erge Kletodimskade op inlasfoto.**

In figuur 1 is saailinge wat erge vogstremming ervaar vyf weke na saai.  Die plante het reeds vyf blare gevorm.  Die probleem is dat onkruiddoders nie in sulke omstandighede goed werk nie, gevolglik het produsente eers na die reën in Junie Kletodim vir grasbeheer gespuit.

Studies in Australië het bevind dat 'n laat bespuiting en 'n dubbeldosis Kletodim tydens blomknopvorming 'n opbrengsverlies van tot 55% tot gevolg gehad het (Zerner and Wheeler 2013).  Die skade was tussen 0% en 15% by die aanbevole dosis.  Tot op 8-blaarstadium het geen skade met die aanbevole dosis voorgekom nie, hoewel skade by die hoër dosis voorgekom het.

Daar was egter kultivarverskille met sommige wat geen opbrengsverlies gehad het nie (goeie rede om by die aanbevole dosis te hou).

**TERUG BY DIE WES-KAAP**

Die simptome is die beste sigbaar as die plante blom.  Op 'n afstand is die land minder geel waar die skade voorkom (Figuur 2).  Die blomme vervorm en in erge gevalle lyk dit of die blomknoppe gesmelt het (Figuur 3).





**Figuur 2: Plante minder geel waar skade voorkom**

**Figuur 3: Erg  vervormde blomme**

Swak peulvorming kom voor tydens erge skade.  Tydens minder ernstige skade (plante in middel van Figuur 4) is die peule vervorm.  Die plante in Figuur 4 beeld van geen tot ernstige skade uit, dit is afkomstig van dieselfde land as dié in Figuur 1.  Hoewel die land nie skade getoon het nie, het skade voorgekom waar die spuitkar gedraai het en 'n hoër dosis toegedien is.  Plante met ligte Kletodim skade het oor 'n langer periode geblom (plante hou later aan met blom om te kompenseer).  Die klimaat in die Wes-Kaap is vir die meeste seisoene nie gunstig vir peulontwikkeling laat in die groeiseisoen nie.

**AANBEVELINGS**

Die aanbevole saaidatum van canola in die Wes-Kaap is vanaf die begin van April in die Oostelike dele van die Suid-Kaap tot einde April in die Swartland (gegewe daar is voldoende grondvog).  Einde April en Mei is ook 'n tyd wat droë periodes kan voorkom en wanneer onkruidbeheer nie effektief toegepas kan word nie



**Figuur 4: Plante met geen, ligte en swaar Kletodim skade.**

Dit is belangrik dat Kletodim (sikloheksaandioon) na die 2-blaarstadium van canola gespuit moet word, maar voor blomknopvorming (let wel op hierdie stadium is geen blomknoppe sigbaar nie). Effektiewe vooropkoms onkruidbeheer is belangrik aangesien die risiko vir Kletodim toediening te hoog kan word indien 'n laat toediening nodig sou wees. Enige laattoediening kan gedefinieer word as die stadium waar die canolaplant reeds te ver ontwikkel het. Hierdie stadium verskil tussen kultivars.

Moet onder geen omstandighede oorweeg om Kletodim en `n swamdoder in `n tenkmengsel saam te spuit nie. Baie ernstige brand van die canolaplant kan voorkom. Indien 'n vroeë swambespuiting, bv. vir swartstam of witblaarvlek oorweeg word, spuit eers die swamdoder en volg 7 tot 10 dae later op met die onkruiddoder. Lw. Hou te alle tye by die aanbevelings en dosis op die etiket.

**Besoek gerus die PNS webblad:** www.proteinresearch.net

E-mail disclaimer This e-mail may contain confidential information and may be legally privileged and is intended only for the person to whom it is addressed. If you are not the intended recipient, you are notified that you may not use, distribute or copy this document in any manner whatsoever. Kindly also notify the sender immediately by email pns@proteinresearch.net and delete the e-mail. The Protein Research Foundation does not accept liability for any damage, loss or expense arising from this e-mail and/or accessing any files attached to this e-mail.

*Copyright © 2017 Protein Research Foundation, All rights reserved.*